

**Saterdag 5 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:18-27**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:18-27**

## Leef voluit in die laaste uur!

Geen leuen kan uit die waarheid voortkom nie (:21), net so min as wat daar uit 'n fontein se oog vars én brak water gelyktydig opborrel (Jak. 3:11, 12). Dit is die waarskuwing wat destyds gemaak is en waarteen ons vandag nog gewaarsku word.

In hierdie tyd voor ons Here se wederkoms raak dit al duideliker dat daar net een van twee wêrelde kan wees waarin ons kan lewe. Die een is die wêreld van die leuen – moe-nie vergeet dat die duiwel immers die vader van die leuen is nie. Die ander een is die wê-reld van die waarheid waarin Jesus Christus sentraal staan. Ons almal ken die waarheid van die evangelie, want die Heilige Gees het ons tot geloof gelei (:20, 21). As jy nou moet dink aan jou eie lewe, onder wie se gesag buig jy die knie?

Ons moet goed beseft dat ons onself nie deur dade van geloof kan red nie, maar die manier waarop jy lewe, verklap of jou geloof in Christus of in die duiwel geanker is. Lê jou daarop toe om jouself te identifiseer as kind van God deur met dankbaarheid vas te hou aan die evangelie van waarheid. Ons geloofsdade moet in ons alledaagse lewe vir die wê-reld 'n stille getuienis wees van hoe ons, in Christus geanker, voluit in die laaste uur leef!

Daar is die waarheid ... daar is die leuen – ons moet kies ...

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*